SWELLIES WEEKBLAD
POSBUS 141, SWELLENDAM, 6740
SKOOL SE WEBTUISTE : WWW.HSSWELLENDAM.CO.ZA
Hoërskool Swellendam - Waar die leerders saak maak!
04 SEPTEMBER 2025 UITGAWE 432

# TENNIS SWELLIES-TOERNOOI

Mariana Swanepoel

Op Vrydag, 29 Augustus, en Saterdag, 30 Augustus, het 8 van ons Super Swellies aan die SuperSpar Swellies Tennistoernooi deelgeneem. Na 7 wedstryde op dag 1, het Christof Franken die meeste punte bymekaargemaak as no. 3 seun, terwyl Jaco Horne en Mariana Swanepoel dieselfde prestasie as no. 2 seun en dogter onderskeidelik behaal het.

Die Saterdag het die Swellies weer terug gekeer met seer lywe, maar nuwe krag om die gemengde dubbels aan te pak. Hoërskool Swellendam wen die goue medalje in dié afdeling en sluit die laaste toernooi saam met die matrieks as ‘n reuse sukses af.

Baie dankie aan Swellendam Superspar, die hoofborg van die toernooi, asook al die ander borge wat hierdie onvergeetlike toernooi moontlik gemaak het. Baie dankie aan mev. Calitz en haar span vir julle harde werk agter die skerms. Dit was ‘n wonderlike ervaring.



(BO: *Die eerste tennisspan wat die Swellies in die SuperSpar Swellies Tennistoernooi verskriklik trots gemaak het)*

# SWELLIES GEE OM

Mariana Swanepoel

Deur die loop van die jaar was ons Meneer en Mejuffrou Hoërskool— DW Wolfaardt en Mila Venter— hard agter die skerms besig met verskillende projekte om daardeur ons gemeenskap te verbeter.

Verskeie reëlings is getref, klere is ingesamel en baie tyd is spandeer deur hierdie twee leerders om namens HS Swellendam uit te reik en ons groot Swellie-harte te deel met die mense daar buite.

Klomp ander Swellies wat omgee het Mila en DW se hande gevat om aan die begin van die jaar die Koringlandsrivier skoon te maak. Kort daarna het hulle klere aan die Apostolic Faith Mission gaan skenk in Railton. Later in die jaar het hulle gebou en geboor by die SPCA om dit ‘n lieflike leefruimte vir ons 4-potige vriende te maak.

Hulle is tans besig om ‘n herwinningsprojek te begin by die skool en beoog om die jaar op ‘n hoë noot af te sluit deur ‘n draai te gaan maak by die kinders in Railton.